

## HOOFSTUK 22: OORDE

### 1. INLEIDING

- 1.1 Die Grondwet magtig 'n Gebiedsbestuur om al die Voortrekkerkommando's binne die betrokke gebied in oorde te groepeer.
- 1.2 Die gesagsveld van 'n oord is beperk tot die lede wat geregistreer is by die Voortrekkerkommando's en veldkornetskappe los van kommando's wat onder die betrokke oord ressorteer.

### 2. ALGEMENE BEPALINGS

- 2.1 'n Oord is 'n organisasie-element op die derde bestuursvlak van *Die Voortrekkers*.
- 2.2 'n *Oordbestuur* en 'n *oorddagbestuur* is bestuursliggame.
- 2.3 'n Gebiedsbestuur groepeer Voortrekkerkommando's binne die betrokke gebied in oorde op 'n basis waarop hy besluit.
- 2.4 Die groepering geskied op so 'n wyse dat die *gemiddelde* getal kommando's per oord vir die *gebied* ongeveer vier (4) tot tien (10) is.
- 2.5 Die betrokke Gebiedsbestuur kan die groeperings te eniger tyd wysig onderhewig aan die vereistes in artikels 2.3 en 2.4 van hierdie hoofstuk.

### 3. 'N OORDBESTUUR

#### 3.1 Samestelling

- 3.1.1 'n Oordbestuur word vir elke oord saamgestel. Dit bestaan uit:
  - a) Die lede van die Oorddagbestuur
  - b) Die Kommandoleiers in die oord onderhewig daaraan dat 'n Voortrekkerkommando wie se Kommandoleier tot die Oorddagbestuur verkies word, 'n Adjunkkommandoleier na die Oordbestuur kan afvaardig;
  - c) Veldkornette of groepleiers van Veldkornetskappe los van Voortrekkerkommando's en Staatmakergroepe in die oord
  - d) 'n Oordjeugleier indien verkies
  - e) Offisiere van spanne los van Voortrekkerkommando's in die oord in raadgewende hoedanigheid.
- 3.1.2 'n Kommandodagbestuur (Veldkornetskapsdagbestuur of Staatmakergroepdagbestuur) kan 'n kommandodagbestuurslid nomineer om as sekundus op 'n oordbestuursvergadering sitting te neem op koste van die Oordbestuur in die plek van 'n lid van daardie Voortrekkerkommando, Los Veldkornetskap of Staatmakergroep vir wie dit onmoontlik is om die betrokke vergadering by te woon.

#### 3.2 Konstituering

- 3.2.1 Die oordbesture konstitueer op datums soos deur die Gebiedsbestuur afgekondig sodat dit na die kongres en die verkiesing van die nuwe Gebiedsdagbestuur afgehandel word maar wel voor einde van derde kwartaal van die kongresjaar.
- 3.2.2 Die Oordbestuur kies die Oordleier en Adjunkoordleiers volgens die voorskrifte in artikel 4 van hierdie hoofstuk.
- 3.2.3 Die Oordjeugleier word aangewys soos in hoofstuk vyf (5) van die Reglemente bepaal indien die Oordbestuur so besluit.

#### 3.3 Dienstermyn

- 3.3.1 Die dienstermyn van 'n Oordbestuur is vier (4) jaar.
- 3.3.2 Die dienstermyn van die Kommandoleiers wat op die oordbestuur dien, verstryk wanneer hulle termyn as Kommandoleiers verstryk waarna hulle deur die nuutverkose Kommandoleiers vervang word.
- 3.3.3 Die dienstermyn van die Veldkornette of Hoofgroepleiers van veldkornetskappe los van Voortrekkerkommando's verstryk wanneer hulle termyn as Veldkornet of Hoofgroepleier verstryk waarna hulle deur die nuutverkose Veldkornette of Hoofgroepleiers vervang word.
- 3.3.4 Die dienstermyn van die oordjeugleier is een (1) jaar en hy word jaarliks vervang deur die nuutverkose Oordjeugleier.

### **3.4 Vergaderings**

- 3.4.1 Die Adjunkoordleier (AOL) Administrasie roep alle lede wat sitting het op na vergaderings van die Oordbestuur.
- 3.4.2 Die Oordbestuur vergader minstens twee (2) keer per jaar op enige wyse wat in hoofstuk agtien (18) van die Reglemente omskryf word.
- 3.4.3 Die Oordleier tree as voorsitter van die vergadering van die Oordbestuur op.
- 3.4.4 Die Adjunkoordleier (AOL) Administrasie tree as die sekretaris van die vergaderings van die oordbestuur op.
- 3.4.5 'n Gewone meerderheid van die lede van die Oordbestuur vorm 'n kworum tydens 'n vergadering.

### **3.5 Magte, pligte en werksaamhede**

- 3.5.1 Die Oordbestuur voer die werksaamhede uit soos bepaal in die artikels 24.2.4 tot 24.2.7 van die grondwet, onderhewig daaraan dat verslae skriftelik moet wees.
- 3.5.2 Die Oordbestuur hanteer aansoeke om toekennings soos in hoofstuk elf (11) van die Reglemente omskryf in ooreenstemming met die magtiging wat die Gebiedsbestuur aan hulle gedelegeer het.

## **4. 'N OORDDAGBESTUUR**

### **4.1 Samestelling**

Die Oorddagbestuur bestaan uit:

- 4.1.1 Die Oordleier
- 4.1.2 Die Adjunkoordleier Administrasie
- 4.1.3 Bykomende Adjunkoordleiers soos vooraf besluit deur die oordbestuur.
- 4.1.4 'n Persoon/persone kan ook op die Oorddagbestuur aangestel word, gesalarieer of nie, om 'n goed gedefinieerde taak (bv. Finansies, administrasie, ensovoorts) te vervul. Die aangestelde persoon/persone kan in die oorddagbestuur optree met spreekreg maar nie stemreg nie. Die aanstelling van die persoon/persone raak egter nie die normale bestuursposte soos uiteengesit in die grondwet en reglemente nie. Die aangestelde persoon/persone se dienste kan te enige op 'n redelike wyse beëindig word en daar word geen tydperk van aanstelling aan gekoppel nie.

### **4.2 Verkiesing**

#### **4.2.1 Verkiesingsprosedure**

- a) Die sittende Oordbestuur bepaal grootte van oorddagbestuur met of sonder portefeuljes wat benodig word om oord behoorlik te bestuur, maar moet ten minste Oordleier en Adjunkoordleier (AOL) Administrasie en waar moontlik ook een (1) bykomende adjunkoordleier verkies. Die Oordbestuur moet die grootte van die oord en aantal Voortrekkerkommandos in die oord behoorlik in ag neem voordat daar op die aantal lede vir Oorddagbestuur besluit word.
- b) Die Adjunkoordleier (AOL) Administrasie vra vooraf nominasies vir 'n Oordleier, Adjunkoordleier (AOL) Administrasie en bykomende Adjunkoordleiers, soos oordbestuur besluit het, by die Staatmakerrade, Veldkornetskapsbesture en Kommandobesture in die betrokke oord aan.
- b) 'n Volwasse lid kan slegs genomineer word indien hy op die datum waarop nominasievorm uitgestuur word, by die betrokke gebiedskantoor geregistreer is en sy ledegeld vir daardie jaar reeds by die gebiedskantoor ontvang is. Elke nominasie moet deur die voorsitter en sekretaris van die bestuursliggaam onderteken word. Die nominasie vorm moet vergesel wees van 'n onderneming van die genomineerde dat hy bereid is om te dien indien hy verkies sou word. Die nominasie moet ook 'n onlangse foto en 'n curruculum vitae van die kandidaat bevat. Sulke nominasies moet die Adjunkoordleier (AOL) Administrasie bereik op die datum waarop oordbestuur vooraf besluit het.
- c) Die Adjunkoordleier (AOL) Administrasie of betrokke gebiedskantoor stuur nominasielys en curruculum vitae van elke kandidaat aan lede van oordbestuur of plaas op webwerf.
- d) Die Adjunkoordleier (AOL) Administrasie of betrokke gebiedskantoor berei 'n stembrief voor waarop die name van die genomineerdes volgens pos en/of portefeulje in alfabetiese volgorde verskyn en stuur aan lede van oordbestuur of

plaas op webwerf.

- c) Die Oordbestuur verkies die poste met 'n volstreekte meerderheid van stemme soos in hoofstuk agtien (18) van die Reglemente bepaal.

#### 4.2.2 **Beperkings**

- a) 'n Lid van die Oorddagbestuur mag nie vir meer as twee (2) opeenvolgende termyne in dieselfde pos op die oorddagbestuur dien nie onderhewig daaraan dat:
- i. Vir 'n persoon wat tussentyds verkies word die volgende sal geld: indien die onverstreke tydperk die helfte of meer as die helfte van die normale dienstermyn is, dan word sodanige tydperk as 'n volle termyn gereken; indien die onverstreke gedeelte minder as die helfte van 'n normale dienstermyn is, word sodanige tydperk nie as 'n termyn gereken nie.
  - ii. Die pos van Oordleier en Adjunkoordleier is twee (2) aparte poste.
  - iii. 'n Lid op Oorddagbestuur in die pos as Adjunkoordleier vir 'n maksimum van twee (2) opeenvolgende termyne in dieselfde portefeulje kan dien tensy die Gebiedsbestuur in buitengewone gevalle 'n derde termyn magtig, of die persoon vir 'n derde termyn in 'n ander Adjunkoorleier portefeulje wil dien.
  - iv. Die Oordleier vir 'n maksimum van twee (2) opeenvolgende termyne in die pos kan dien tensy die Gebiedsbestuur in buitengewone gevalle 'n derde termyn magtig.
- b) Ten minste een (1) lid van elke geslag moet op die Oorddagbestuur dien met dien verstande dat indien die enigste lid van 'n geslag se lidmaatskap van die Oorddagbestuur om watter rede ookal beëindig word die werking en besluite van die Oorddagbestuur nie ongeldig sal wees bloot omdat die bepalinge ten opsigte van die verskillende geslagte nie nagekom kan word nie, maar onderhewig daaraan dat die genoemde bepaling teen die volgende vergadering nagekom word.
- c) Daar mag hoogstens twee (2) lede van enige Kommandobestuur op die Oorddagbestuur dien.
- d) Nominasies vir al die poste kan parallel gedoen word onderhewig daaraan dat 'n kandidaat spesifiek vir al die verskillende poste genomineer moet word.

#### 4.2.3 **Tussentydse vakatures**

In die geval van die vulling van tussentydse vakatures wat op die Oorddagbestuur mag ontstaan, kan die Oordbestuur die verkiesing volgens die bogenoemde bepalinge van hierdie artikel of deur 'n vertroulike posstemming laat geskied. Die volgende stappe word gevolg:

- a) Die Adjunkoordleier (AOL) Administrasie vra nominasies van persone om die vakature te vul van die bestuursliggame wat kan nomineer. Sodanige genomineerdes moet verklaar dat hulle bereid is om te dien indien hulle verkies sou word en *curriculum vitae* aanheg.
- b) Die Adjunkoordleier (AOL) Administrasie laat 'n kandidaat verkies.
- c) Indien 'n kandidaat vir Adjunkoordleier nie 'n volstreekte meerderheid in die posstemming behaal nie, word 'n verdere posstemming gehou op 'n wyse soos in hoofstuk agtien (18), artikels 16.12 tot 16.16 en artikel 18 van die Reglemente omskryf.

#### 4.3 **Dienstermyn**

Die dienstermyn van die Oorddagbestuur is dieselfde as die termyn van die Oordbestuur.

#### 4.4 **Vergaderings**

- 4.4.1 Die Adjunkoordleier (AOL) Administrasie roep die vergadering van die Oorddagbestuur op.
- 4.4.2 Die Oorddagbestuur vergader so dikwels as wat dit nodig is, maar ten minste een (1) keer per kwartaal op enige wyse wat in hoofstuk 18 van reglemente omskryf word.
- 4.4.3 Die Oordleier tree as voorsitter van die vergaderings van die Oorddagbestuur op.
- 4.4.4 Die Adjunkoordleier (AOL) Administrasie tree as die sekretaris van die vergaderings van die Oorddagbestuur op.

4.4.5 'n Gewone meerderheid van die lede van die Oorddagbestuur vorm 'n kworum tydens 'n vergadering.

**4.5 Magte, pligte en werksaamhede**

4.5.1 Die Oorddagbestuur verrig die take soos vervat in artikel 24.3.5 van die grondwet.

4.5.2 Die Oorddagbestuur verrig take wat deur die kongres, hoofbestuur, gebiedsbestuur en oordbestuur aan hom opdra is.

4.5.3 Die lede van 'n Oorddagbestuur het in 'n raadgewende hoedanigheid sittingsreg op enige vergadering van 'n liggaam wat aan hom ondergeskik is.

**5. OORDJEUGRAAD**

Die samestelling en werkingswyse van 'n Oordjeugraad word in hoofstuk vyf (5) van die Reglemente omskryf.